

## RIGLYNE VIR DIE VOLTOOIING VAN VORM P1 (2020)

### “AANSOEK OM TOELATING TOT VOORSLAG”

**NB:** Gebruik saam met Prospektus.

Dit is uiters belangrik dat die vorm volledig en korrek voltooi word met al die inligting wat in ag geneem moet word vir die kandidaat se aansoek. Om onduidelikhede te voorkom is dit wenslik dat die vorm in drukskrif ingevul of ingetik word. Veranderinge of nuwe toevoegings kan nie na afloop van 'n Voorslagkamp gemaak word nie.

#### 1. Kommando

Die naam van die Gebied, Oord en Kommando wat u hier invul verskyn op die sertifikaat en rapport. Alle navrae wat moontlik mag ontstaan sal gerig word aan die adjunkkommandoleier [Admin], daarom is dit belangrik dat die inligting volledig en korrek verskaf word.

#### 2. Kandidaat

Voltooi volledig. **Alle velde moet ingevul word.** Maak seker dat die kandidaat se van en name korrek gespel is aangesien dié name outomaties op die sertifikate gedruk word vanuit die databasis.

#### 3. Toelatingsvereistes

##### 3.1 Geregistreeerde Diensjare

Vul die kandidaat se diensjare van graad nul tot graad sewe in. Maak seker dat die kandidaat wel vir die betrokke jaar by die Gebiedskantoor geregistreer was. Kandidate is slegs geregistreer as registrasiegeld vir die betrokke jaar aan die Gebied oorbetal is.

##### 3.2 Beloftespesialisasie

Vul die naam van die Beloftespesialisasie(s) hier in. Meld in die volgende kolom die plek/instansie wat die spesialisasie aangebied het, asook die datum waarop die spesialisasie aangebied is. Let daarop dat slegs een (maksimum 2) Beloftespesialisasies nodig is. Heg bewyse (sertifikate) aan.

##### 3.3 Gebiedskampe en GG-naweke

Gebiedskampe en GG-naweke wat in die graad 4, 5, 6 of 7 jaar bygewoon was, kwalifiseer. Voorsiening word gemaak vir 4 Gebiedskampe en 3 GG-naweke. Voltooi elke kandidaat se vorm volgens die kampe en naweke wat hy of sy bygewoon het.

LET WEL: Indien 'n kandidaat dit benodig sal bywoning van 'n registreerde gebiedskamp in graad 3 ook in ag geneem word.

**Onthou om alle bywoningsbewyse (afskrifte) by die aansoekvorm aan te heg.**

##### 3.4 Spesialisasies

Gebruik die prospektus om seker te maak wat die vereiste aantal Graad 4 - 7 spesialisasies met gradering is om te kwalifiseer vir Voorslag.

Indien die kandidaat van Gr. 4 tot 7 meer as 12 spesialisasies (waarvoor daar ruimte op die vorm gemaak is) voltooi het, vul verkieslik die spesialisasies in wat die laaste verwerf is. Indien die spesialisasie in die span of kommando voltooi is, is 'n sertifikaat vanaf die kommando voldoende bewys.

**NB: Geen Gr 3 spesialisasie wat in Gr 4 gedoen is word erken nie. Slegs twee spesialisasies mag een graad terug gedoen word. In Gr 7 mag die kandidaat vier Gr 6 spesialisasies gedoen het.**

Alhoewel slegs 'n maksimum van 10 spesialisasies kwalifiseer word voorsiening gemaak vir 12 op die vorm ingeval 'n spesialisasie wat aangedui word nie aan die vereistes voldoen nie.

**LET WEL: Geen Beloftespesialisasie word hier ingevul nie, Beloftespesialisasies word ingevul by 3.2. Die AGL van elke Gebied sal Beloftespesialisasies skuif indien nodig.**

#### 4. Verklaring en handtekening

**Die handtekening wat op die P1 vorm vereis word is baie belangrik en mag nie nagelaat word nie omdat akkuraatheid van die inligting daarop bevestig word en die betrokke partye daardeur bevestig dat hulle volledig ingelig is oor die proses.**

Lees die verklaring noukeurig deur, maak seker dat die ouers ingelig is en dat die kandidaat voorbereid is en weet wat van hom verwag word. Die kandidaat, ouer/voog, spanoffisier, Kommandoleier en Adjunkkommandoleier (Administrasie) moet die verklaring onderteken.

**LET WEL: Die P1 vorm word voltooi deur die kommando en nie die ouer nie.**

Dit is belangrik dat al die nodige handtekeninge op die P1 vorm aangebring word vir die volgende redes:

Die AKL Admin onderteken die vorm om die akkuraatheid daarvan te bevestig.

Die Kommandoleier en spanoffisier om te bevestig dat hulle die aansoek goedkeur.

Die ouer en kandidaat onderteken die voltooide vorm as bevestiging dat hulle volledig ingelig is, saamstem met wat ingevul is op die vorm en dat die kandidaat wel wil deelneem aan die proses.

#### 5. Gebiedskantoor

Die inligting op die inskrywingsvorm sal deur die gebiedskantoor gekontroleer word.

Bywoning van 'n ander gebied se Voorslagkamp:

1. Dien steeds die volledige P1 vorm met aanhangsels by eie gebiedskantoor in op die sluitingsdatum soos bepaal deur jou gebied.
2. Lig eie gebied se **AGL P/D sake en gebiedskantoor** in dat 'n Voorslagkamp in 'n ander gebied bygewoon gaan word.
3. Die kommando hanteer self die kampinskrywing by die ander gebied.

**Respekteer die sluitingsdatum van jou gebied se Voorslaginskrywings en begin betyds. Die kontrolering van inskrywings en vaslegging van kandidaat inligting is 'n groot taak wat deur laat inskrywings vanaf kommando's ernstig opgehou word. Onthou - As 'n kommando Voorslag inskrywingsvorms onvolledig en sonder aandag voltooi kan dit die kinders benadeel.**